Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

5 Junie 2026 Uitgawe: 8/2/2026

## UIT DIE KANTOOR

Ek kon nooit verstaan hoekom my ouma altyd gesê het: *"Oud word in nie vir sissies nie!"* Nou verstaan ek dit beslis. Hier staan ek weer, nog 'n jaar ouer. Die Here is vir my goed, ek is gesond en springlewendig, miskien spring ek nie meer nie, maar lewendig is ek wel. Ek kom egter agter my spiere wil nie meer so lekker saamwerk nie. Die opstaan uit die bed is ook heelwat stadiger en die "*silwer*" in my hare raak by die dag meer….

Ja, vandag vier Tjokkies weer saam met my my verjaardag (al verjaar ek eers Sondag). Wat 'n wonderlike voorreg om dit saam met die mense vir wie ek lief is, te kan deel. Baie dankie aan die leerderraad, ouers en ouerkomitee vir die groot bederf vandag. Dit is en bly spesiaal en ek het groot waardering vir elkeen se insette.

Baie dankie ook vir u oop hand ten opsigte van die gelde wat ingesamel word vir die kombersie-projek. Ek wil graag hierdie gelde aanwend vir, onder andere, die aankoop van komberse vir die gemeenskap wat deur die Tweetoringkerk in die middestad bedien word. Tjokkies is 'n "Omgee-skool" en daarom wil ons uitreik na minderbevoorregte mense van ons stad. U kan nog skenkings maak tot Sondag, 7 Junie.

**Eksamen:**

Dinsdag begin die Gr. 4-7 leerders met eksamen. Ek vertrou dat hulle hard sal leer vir hulle vraestelle en dat hul sal hoog mik.

Ouers word net weer daaraan herinner dat die skool gedurende die eksamen om gewone tyd begin en om 12:00 in die middae verdaag. Neem ook kennis dat die Nasorgsentrum normaal funksioneer gedurende die eksamen.

**Sport:**

Die buitemuurse program vir hierdie kwartaal is ook nou afgehandel met enkele hokkieproewe wat nog afgehandel word. Hierdie proewe vind egter in skooltyd plaas en sal nie inmeng met die eksamen nie.


Sterkte aan ons tennisspelers wat hierdie naweek aan die Rising Stars-tennistoernooi deelneem.

Volgende naweek is langnaweek met Maandag, 15 Junie wat 'n spesiale skoolvakansiedag is en Dinsdag, 16 Junie wat Jeugdag is. Gedurende daardie naweek vind die Rising Star-hokkietoernooi plaas oor die Vrydag en Saterdag. Baie sterkte aan al die spanne wat daar deelneem.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 5 Jun.: | GSF Redenaarsopleiding |
| 5-6 Jun.: | Rising Star-tennistoernooi |
| | Mangaung Metro Skaaktoernooi |
| 8 Jun.: | Fotodag (Sport) |
| 8-11 Jun.: | GSF Hokkieproewe |
| 9 Jun.: | Eksamen |
| 12 Jun.: | GSF “Breek-‘n-reël”-dag |
| 12-13 Jun.: | Rising Star-hokkietoernooi |
| | Mangaung Metro Skaaktoernooi |

# VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 6 Jun.: | Mnr. Jan de Kock (Nasorghoof) |
| 7 Jun.: | Mnr. Neels Gunter (Skoolhoof) |

# UITSLAE

**Redenaars**

Baie geluk aan almal wat deelgeneem het en ook aan dié wat plekke behaal het:

**Graad 4**

| | |
|---|---|
| Eerste: | Vida-Ani Markgraaff |
| Tweede: | Natalee Watson |
| Derde: | Jolene van Niekerk |

**Graad 5**

| | |
|---|---|
| Eerste: | Anke Strauss |
| Tweede: | Leamay Bosch |
| Derde: | Lizbie Spies |

# EKSAMEN

**Gr. 7-ouers**

Let asseblief daarop dat ons op Dinsdag, 9 Junie afskop met die eerste eksamenvraestel wat Engels is.  Ons gaan reeds om 08:00 begin skryf, aangesien die Gr. 6 en 7-leerders daarna hul banke en stoele na die saal toe trek, waar die res van die eksamen afgelê sal word.

# MAMMAS WAT BID

**Afgemat? Kry nuwe krag!**

**JESAJA 40:31 AFR53**

[31] Maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie.

Die Israeliete in hierdie konteks was fisies en emosioneel uitgeput as gevolg van ballingskap. Jesaja herinner Israel aan God se getrouheid om verlossing te bring.

Om op die Here te vertrou impliseer ‘n aktiewe hoop en ‘n verwagting van Hom. Dit verg bid sonder ophou, en baie geloof. (ROMEINE 12:12 AFR53..."verbly julle in die hoop; wees geduldig in die verdrukking; volhard in die gebed").

Diegene wat op God vertrou kry die belofte van nuwe krag. Soos ‘n arend wat hoog bo die aarde met sterkte en vryheid vlieg, bemagtig God se Gees ons om bo moeilike lewensomstandighede uit te styg.

God voorsien ook die daaglikse stamina om ons Christenwandel met volharding te voltooi, daarom kan ons "hardloop" en "loop" sonder om afgemat te raak. (GALÁSIËRS 6:9 AFR53..."Moet dus nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie tou opgooi nie, sal ons op die regte tyd oes").

God was getrou om Israel te verlos; net so bring God nuwe krag vir elke dag, soos wat ons op Hom wag!

# SNUFFELS




Sien skakel aangeheg vir die advertensieblad.

